



# PLAASLIKE MARKTE

## - JSE SLUIT HOËR DANKSY MYNBOU-AANDELE

'n Vlug na veiligheid het gesorg dat mynbou-aandele, veral goud- en platina-aandele, beter presteer het wat 'n hoër sluiting vir die FTSE JSE-indeks van alle aandele verseker het (+3.1% maand op maand, +5.4% jaar tot datum). Die indeks het op 19 Maart op 'n allemintige hoogtepunt van 90 149,7 gesluit, terwyl die Capped SWIX 3,6% maand op maand hoër (+5,9% jaar tot datum) geëindig het. Die Resi-10 (+19.5% maand op maand/+32.3% jaar tot datum) was verantwoordelik vir die meeste van die winste, terwyl die res van die markkomponente nie juis watwonders gevaar het nie. Eiendomsaandele het gedaal (Genoteerde Eiendomsindeks -1.2% maand op maand/-3.8% jaar tot datum), nywerheidsaandele (Indi-25 -0.6% maand op maand/+3.7% jaar tot datum), terwyl finansiële aandele onderpresteer het (Fini-15 +0.2% maand op maand/-1.7% jaar tot datum). Die rand het met 2.0% maand op maand versterk teenoor 'n swakker Amerikaanse dollar (+2.8% jaar tot datum).

Ná 'n treurige vertoning in Februarie, het edelmetaalmyners weer die hoogte ingeskiet in Maart toe die goudprys maand op maand met 9.3% gestyg het, terwyl platina-, palladium- en rodiumpryse ook fluks gestyg het (onderskeidelik 5,1%, 7,4% en 20,6%, maand op maand). Trump se tariefplanne en sy onvoorspelbaarheid rondom handel en buitelandse beleid het die vraag na veilige hawebates aangewakker, wat op sy beurt die goudprys sterk laat styg het. Sibanye Stillwater, wat platinumgroepmetale, goud en koper ontgin en verwerk, en goudmyner Harmony het die toppresterende plek gedeel met indrukwekkende 47.9% maand op maand winste. Impala Platinum was in die derde plek en het maand op maand met 42,9% gestyg.

Montauk Renewables, wat spesialiseer in bestuur, herwinning en omskakeling van biogas in groen energie en ook op die Nasdaq genoteer is, was Maart se swakste-presterende aandeel – 44.6% laer. Montauk is gevolg deur Curro (-27.6% maand op maand) in die tweede plek en MAS P.L.C (-19.2% maand op maand), was in die derde plek.

## INFLASIE EN RENTEKOERS ONVERANDERD

In ekonomiese data het die SA ekonomie matige groei in die vierde kwartaal van 2024 aangeteken, met BBP wat kwartaal op kwartaal 0.6% gegroei het, ná 'n effense inkrimping (-0.1%) in die derde kwartaal. BBP het vir die volle jaar met 0,6% gegroei. Februarie se wesensinflasie was onveranderd op 3.2%, terwyl kerninflasie vir 'n vyfde opeenvolgende maand tot 3.4% op jaarbasis versus 3.5% in Januarie gedaal het.

In ooreenstemming met verwagtinge het die SARB se Monetêre Beleidskomitee (MBK) op sy Maart-vergadering besluit om die repokoers onveranderd op 7.5% te hou. Soortgelyk aan sy Januarie-verklaring, het die SARB heelwat klem geplaas op die voortdurende wisselvalligheid van die internasionale ekonomie. Nadat dit in Februarie uitgestel is, is die begroting op 12 Maart voorgelê, wat gemengde reaksies uit die mark ontlok het en 'n komplekse balanseringsaksie deur die regering weerspieël het.

SA se handelsbalans het in Februarie 'n surplus behaal, met 'n voorlopige handelsoorskot van R20,9 miljard, volgens data wat deur die SA Inkomstediens (SAID) vrygestel is. 'n Surplus beteken die land het meer goedere aan ander lande verkoop as wat hy in Februarie by hulle gekoop het, wat goeie nuus vir die ekonomie is.

## **BELEIDSONSEKERHEIDSINDEKS BEREIK 'N HOOGTEPUNT**

In reaksie op verskeie wêreld- en binnelandse ontwikkelings oor die afgelope paar maande, het die NWU Sakeskool se Beleidsonsekerheidsindeks, soos grootliks verwag, baie verder tot negatiewe terrein gestyg – tot 78.6 vanaf 65.7 in die vierde kwartaal (basislyn 50). Dit is 'n rekordhoogtepunt vir die indeks. Aanhoudende negatiewe faktore het weer sterker as die positiewe geweeg. Professor Raymond Parsons van die Noordwes-Universiteit Sakeskool, uitgewer van die indeks, het ná bekendmaking gesê hoewel die indeks nou baie verder in negatiewe terrein is, is daar ook positiewe faktore in die ekonomiese te bespeur. 'n Aantal neigings ondersteun SA se huidige ekonomiese en sakevooruitsigte. Daar word nou oor die algemeen verwag dat inflasie goed geanker sal bly rondom die SARB se inflasiemiddelpunt van 4.5% en rentekoerse is onlangs verlaag.

## **NOG 'N GOEIE MAAND VIR DIE MOTORBEDRYF**

Ondanks al die onsekerheid, vaar Suid-Afrikaanse nuwe motorverkope besonder goed. Syfers wat deur die motorbedryfsvereniging Naamsa gepubliseer is, het getoon dat 33 447 motors in Maart verkoop is. Dit was 25.2% meer as die 26 691 van Maart 2024. 'n Totaal van 102 268 voertuie is in die eerste kwartaal verkoop, – 20.6% meer as die 84 775 in eerste kwartaal van verlede jaar.

Gekombineerde verkope van motors en handelsvoertuie het verlede maand 49 493 bereik - 'n 12.5% verbetering op die 43 989 van Maart 2024. Dit beteken dat die totale mark aan die einde van die eerste kwartaal van 2025 144 426 was – 10.5% beter as in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar.

# **INTERNASIONALE MARKTE**

## **- TRUMP-TARIEWE VEROORSAAK CHAOS**

Die meeste groot wêreldaandelemarkte het in Maart voortgesukkel (MSCI World -4.4% maand op maand/-1.7% jaar tot datum) aangesien ongekende beleidsonsekerheid rondom op-weer/af-weer tariewe gelei het tot Trump-administrasie-geïnduseerde markonrus. Boonop het toenemende Amerikaanse resessievrese, tesame met skommelende waardasies, inflasie en swak verbruikersentiment, gelei tot 'n negatiewe atmosfeer vir aandelemarkte, met beleggers wat byna daagliks onsekerheid en beleidsveranderinge moet verteer. Verkoopsdruk het weer toegeneem teen die einde van die maand nadat Amerikaanse president Donald Trump 'n bevel onderteken het om 'n 25%-tarief op alle motor-invoere te implementeer, wat na verwagting bedrywighede vir Noord-Amerikaanse motorvervaardigers sal ontwig en pryse vir Amerikaanse verbruikers sal verhoog. Trump het die tariewe “permanent” genoem en gesê sy wederkerige tariefplan sal op 2 April met “alle lande” begin.

Amerikaanse markte het in die algemeen onderpresteer sedert Trump se terugkeer na die Withuis, en drie belangrikste Amerikaanse markte het 'n treurige eerste kwartaal vir 2025 beleef. Die S&P 500 het met maand op maand met 5.8% (-4.6% jaar tot datum) gedaal en die Dow Jones het maand op maand 4.2% (-1.3% jaar tot datum) gedaal. Die tegnologie-swaar Nasdaq was die swakste presteerder vir die maand – 8.2% laer (-10.4% jaar tot datum). Februarie se wesensinflasie, soos gemeet deur die Verbruikersprysindeks (VPI), was teen 2.8% op jaarbasis – effens laer as wat verwag is (hoewel dit nog nie die inflasionêre impak van Trump se tariewe weerspieël nie), teenoor 3.0% in Januarie. Kern-VPI, voedsel en energie uitgesluit, het met 3.1% op jaarbasis gestyg teenoor Januarie se 3.3%. Maart verbruikersvertroue het tot die laagste vlak in vier jaar gedaal weens kommer oor hoër pryse en die ekonomiese vooruitsigte te midde van die Trump-administrasie se tarieweprogram.

## EUROPESE EN BRITSE MARKTE LAER

Europese aandelemarkte het vanjaar hul eerste maand op maand daling aangeteken, wat die potensiële negatiewe impak van Trump se tariewe-obsessie weerspieël. Tog, het Europa jaar tot datum gelyk soos 'n aantreklike alternatief vir die VSA te midde van 'n oplewing in Euro-optimisme. Vir die maand het Duitsland se DAX met 1.7% (+11.3% jaar tot datum) gedaal, terwyl Frankryk se CAC 4.0% laer gesluit het (+5.8% jaar tot datum). Die euro het sy sterkste maandelikse prestasie teenoor die Amerikaanse dollar sedert November 2022 aangeteken, en het in Maart met 4.3% gestyg weens 'n swakker dollar en optimisme oor die EU se fiskale planne, insluitend verhoogde verdedigingsbesteding en Duitsland se skuldhervorming. Die wesensinflasie van die eurosone het in Februarie 2.3% op jaarbasis verswak teenoor Januarie se 2.5%, terwyl kerninflasie tot 2.6% gedaal het – die laagste sedert Januarie 2022.

Die Britse mark het ook Maart swakker geëindig, met die FTSE 100 wat 2.6% (+5.0% jaar tot datum) gedaal het. Februarie Britse inflasie het verlangsaam tot 2.8% vanaf 3.0% in Januarie. Kerninflasie het ook verlangsaam – en het in Februarie op 3.5% te staan gekom het teenoor Januarie se 3.7%.

## MARKTE IN ASIË EFFENS HOËR

Terwyl verhoogde kommer rakende 'n nuwe rits VSA-opgelegde motorvervaardiger-tariewe op markte in Asië geweeg het, het China se aandelemarkte die maand effens hoër geëindig weens positiewe beleidswysigings en die moontlikheid van nuwe tegnologie-innovasies ná DeepSeek. Hongkong se Hang Seng het 0.8% gestyg (+15.3% jaar tot datum), terwyl die Shanghai Saamgestelde indeks 0.4% (-0.5% jaar tot datum) gestyg het. China se amptelike vervaardigings-PMI in Maart goed gevorder en op 50.5 gesluit (die hoogste sedert Maart 2024) teenoor Februarie se 50.2. Die nie-vervaardigings-PMI, wat dienste en konstruksie insluit, het tot 50.8 gestyg van 50.4 in die vorige maand. 'n Lesing bo 50 weerspieël uitbreiding, terwyl onder 50 inkrimping aandui.

Japan se maatstaf Nikkei het op 31 Maart tot sy laagste vlak sedert September 2024 getuimel een maand op maand 4.1% laer gesluit (-10.7% jaar tot datum), aangesien kommer oor die nadelige impak van Amerikaanse tariewe op Japan se ekonomie toegeneem het.

## BESTE KWARTAAL VIR GOUD SEDERT 1986

In kommoditeite, op die rug van stygende wêreldhandelspanning en verhoogde Amerikaanse tariefbedreigings, het beleggers in Maart na veilige hawebates gestroom, wat daartoe gelei het dat die goudprys (+9.3% maand op maand/+19.0% jaar tot datum – sy beste kwartaal sedert 1986) 'n nuwe rekordhoogtepunt van \$3 145/ons bereik het.

Onder platinagroepmetale het platina maand op maand met 5.1% (+9.9% jaar tot datum) gestyg, palladium het maand op maand 7.4% (+8.6% jaar tot datum) gestyg en rodium was maand op maand 20.6% hoër (+24.6% jaar tot datum). Brent-ruolie het maand op maand met 2.1% (+0.1% jaar tot datum) gestyg weens kommer dat olievoorrade kan afneem weens Trump dreigemente om meer tariewe op Rusland in te stel en moontlik Iran aan te val.

Bronne: Anchor Capital; Business Day; Noordwes Universiteit



## SLIM WENK

### KYK NA ONS WEBINARE VIR ONS STRATEGIEË OM WÊRELDWYE RYKDOM TE BOU

Brenthurst het in Maart 'n reeks suksesvolle seminare aangebied. Baie kliënte en voornemende kliënte kon dit nie bywoon nie en het gevra vir 'n opname van die gebeure. Die seminare is nie opgeneem nie, maar kyk gerus na ons vorige webinar om meer te wete te kom rakende ons strategieë om wêreldwye rykdom te bou.

**KLIK HIER VIR VORIGE WEBINARE**



BRENTHURST  
GLOBAL WEALTH

5 MARCH | 14:00 SAST

## THREATS TO YOUR INVESTMENTS

*EWC? NHI? NDR?*



**HET JY ONS WEBINAAR GEMIS? KLIK HIER OM NA DIE OPNAME TE KYK**



**MAGNUS HEYSTEK**  
Director  
Brenthurst Wealth



**TONY BELL**  
Fund Manager  
ThinkCell



**TERENCE CORRIGAN**  
Project Manager  
IRR

**BLY OP HOOGTE** - Volg ons op sosiale media



**KONTAK ENIGE VAN ONS HOOGSGEKWALIFISEERDE FINANSIËLE RAADGEWERS BY ONS NEGE KANTORE LANDSWYD OM JOU BELEGGINGSSTRATEGIE TE BESPREEK.**

**KONTAK ONS**  
invest@brenthurstwealth.co.za

#### BRENTHURST OFFICES:

**Johannesburg** +27 (0) 11 799 8100  
**Sandton** +27 (0) 10 035 1391  
**Pretoria** +27 (0) 12 347 8240  
**CPT Waterfront** +27 (0) 21 418 1236  
**George** +27 (0) 44 050 6057

**Claremont** +27 (0) 21 100 3901  
**Bellville** +27 (0) 21 914 9646  
**Stellenbosch** +27 (0) 21 882 8706  
**Val de Vie Estate** +27 (0) 21 100 3901  
**Mauritius** 00 230 5843 5215

#### SATELLITE OFFICES:

**KZN: Arin Ruttenberg** +27 84 582 8581  
**FREE STATE: Iniel Van Zyl** +27 72 298 3212  
**NORTH WEST: Maria Smit** +27 79 696 6860  
**MPUMALANGA: Marise Reinach** +27 72 795 3604

Brenthurst Wealth Management is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer (Reg Nr: 2004/012998/07) FSP Nr. 7833. Hierdie e-pos en enige lêeraanhegsels wat daarmee gestuur word, is uitsluitlik bedoel vir die geadresseerde(s) en mag wettig bevoorreg en/of vertroulik wees. As u hierdie e-pos per abuis ontvang het, vernietig dit asseblief. As u nie die geadresseerde is nie, mag u nie die inhoud bekend maak, kopieer, versprei of enige aksie neem gebaseer op die inhoud hiervan nie. Enige ongemagtigde gebruik of bekendmaking is verbode en kan onwettig wees. Die menings en standpunte wat in hierdie e-posboodskap uitgedruk word, is nie noodwendig dié van die bestuur van Brenthurst Wealth Management (Edms) Beperk nie.